Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 10 JUNIE 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Hoof: Kredietbeheer, me G Diedericks-Pienaar
Hoof: Bate- en Vlootbestuur, me A Beneke
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl W Wilskut open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter. Die voorsitter betoon medelye met rdh M S I Goliath met die afsterwe van twee van haar familielede.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 MEI 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Mei 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 27 MEI 2015

Besluit/...

4.2/...

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 27 Mei 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteke word.

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 3 JUNIE 2015
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 JUNIE 2015

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging –

ITEM 3.1: VOORLEGGING DEUR AQUA-LOC RAKENDE DIE WATERBEHEER- EN WATERLESINGSMEGANISME (16/1/1/6/3)
[toevoeging van samevatting van vrae/stellings deur raadslede]

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die volgende vrae/stellings deur raadslede wat tydens die werkwinkel in Julie 2015 aangespreek sal word:

(1) Dat die ontvanger van die watermeter, maar ook ander verbruikers ingelig word dat wanneer 'n lekkasie bespeur word die stopkraan onmiddellik toegedraai moet word om waterverliese te beperk en die probleem aangemeld moet word;
(2) As die 'kwota' water opgebruik is, wanneer laat die meter weer 'n nuwe 'kwota' deur?
(3) Die Aquo-loc meters moet nie gebruik word as 'n meganisme om teen mense te diskrimineer nie. Die meters wat geïnstalleer word moet ook nie tot nadeel van die 'gereelde' betaler wees nie;
(4) Dat die sekuriteit op die stelsel so gestel word dat enige iemand nie toegang tot die stelsel het nie, ten einde te verhoed dat inligting gemanupileer kan word;
(5) Dat die munisipaliteit daarteen moet waak om stelsels te implementeer ten koste van bestaande personeel. M.a.w. personeel moet nie deur die implementering van die Aqua-loc stelsel hulle werk kan verloor nie. Hoe gaan die meterlesers voortaan aangewend word?
(6) Wat is dit insetkoste t.o.v. die installering van die apparaat en wat is die vervangingskoste? Indien die meter beskadig sou word, wie is verantwoordelik vir hierdie uitgawe?
(7) Die meters word verkry vanaf 'n maatskappy in Johannesburg, watter voordele verkry Kapenaars, maar veral plaaslike inwoners, uit hierdie kontrak?
(8) Dat inligting voorsien word waar die Aqua-loc stelsel reeds geïnstalleer is, bv. in Khayelitsha ten einde vas te stel of die stelsel doeltreffend funksioneer en inwoners tevrede is;
(9) Wanneer is die meters in Abbotsdale geïnstalleer en kan daar al uit statistieke bepaal word om daar nie enige "mechanical fraud" op die stelsel kan wees nie?

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 8.1: AFWYKING: ERF 3708, MALMESBURY (WYK 8) (15/4/2-8)
[ter vervanging van besluit]

BESLUIT

(a) Dat die aansoek vir 'n afwyking op erf 3708, Malmesbury ten einde af te wyk van die 21m hoogtebeperking na 25m ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(i) dat die transmissietoring in die vorm van ‘n boom wat aanpas by die natuurlike plantegroei van die omgewing opgerig word;

(b) Dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

(c) Dat die skrywes aan beide die aansoeker en beswaarmakers inligting bevat aangaande die uitstraal van radio-aktiewe frekwensies deur transmissietorings, soos vervat in die uitdeelstuk voorsien deur die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, ten einde vrese t.o.v. die gesondheidsrisiko wat dit inhou, te besweer.

(d) Dat kennis geneem word van die volgende redes vir die goedkeuring van die aansoek:

- die oprigting van die transmissietoring is ‘n primêre reg op die nywerheidsone 2 soneerde perseel;
- die strategiese plasing en hoogte van ‘n transmissietoring speel ‘n belangrike rol in die optimale funksionering daarvan.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 MEI 2015

6.1.1 AANSOEK VIR 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 58, DARLING (15/3/10-3) (WYK 6)

Staan oor, in afwagting op die brandveiligheidsverslag vanaf die Hoof: Brandweerdienste.

6.1.2 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 2997, MOORREESBURG (15/3/10-9) (WYK 2)

Staan oor, in afwagting op die kommentaar vanaf die SAPD.

6.1.3 ITEM 7.3: SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI'S) EN TEIKENS VIR 2015/2016 (2/1/4/4/1)

Die sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens is op 13 Mei 2015 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur. Tydens die onlangse prestasiemetingsessie van die direkteure is daar egter 'n wysiging aan die KPI m.b.t. die beoordeling van bates se lewensduur aangebring, en word derhalwe –

Besluit/...

6.1.3/...

BESLUIT

(a) Dat die huidige bewoording van die sleutelprestasie-aanwysing, naamlik –

"Each director to confirm the existence of all moveable assets within the department at a Management Team meeting"

vervang word met –

"A condition assessment and a review of the remaining useful life of all assets in the department done and a certification in this regard provided to the Chief Asset Management."

(b) Dat die huidige teiken – *Yes (bi-annually by October and April)* vervang word met – *Yes (by June annually)*.

7. NUWE SAKE

7.1 2015/2016 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) – FINAAL (2/1/4/4/1)

Die doel van die Dienslewrings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Artikel 53 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die munisipaliteit se SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting.

BESLUIT

Dat die aangehegte 2015/2016 Diensleverings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.2 VOORLEGGING VAN 2015/2016 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/1/4/4/1)

Artikel 69 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat die prestasie-ooreenkomste binne 14 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en –planne vir die 2015/2016 finansiële jaar, maar dat paragraaf 7.1.2 van die ooreenkoms gewysig word om slegs twee metings per jaar te doen, in pleks van die huidige vier, welke metings gedurende Desember/Januarie en Junie/Julie gedoen sal word;

(b) Dat daar verder kennis geneem word en aldus goedkeuring verleen word dat die meting vir die 2014/2015 finansiële jaar ten opsigte van die *Competencies*, soos afgekondig op 17 Januarie 2014, weens die ontwikkeling van die stelsel slegs een keer in die finansiële jaar gedoen sal word.

7.3 DIENSLEWERINGSOOREENKOMS MET DIE DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE: VOERTUIG ADMINISTRASIE EN LISENSIëRING (14/1/B)

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die Provinsiale Departement van Vervoer reeds sedert 2011/2012 in proses is om met munisipaliteite te onderhandel om die lewering van die agentskapdiens d.m.v. 'n diensleweringsooreenkoms te finaliseer. Die volgende dienste word namens Provinsie gelewer:

7.3/...

- Registrasie en lisensiëring van voertuie;
- Leerling- en Bestuurslisensie; en
- Padwaardigheidstoetse.

Konsultante was aangestel om 'n kosteberekening te doen ten einde vas te stel wat dit munisipaliteite kos om hierdie drie funksies namens Provinsie te lewer, maar die uitslae is nooit bekend gemaak nie.

Die Munisipale Bestuurder noem verder dat 'n versoek aan die Nasionale Parlement gerig is om d.m.v. 'n parlementêre navraag te verneem wat van die Dienslewerings-ooreenkoms (SLA) geword het.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die onbefondste mandate wat die munisipaliteit namens Provinsie verrig, 'n bedrag van ongeveer R12 miljoen beloop. Slegs as hierdie onbefondste mandate óf voldoende befonds word (soos in die geval met biblioteke) óf oorgedra word na Provinsie, sal plaaslike owerhede daarin slaag om voldoende aan kernfunksies te spandeer en dienslewering op te skerp.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat daar tans groot klem geplaas word op die *Back-to-Basics Approach*, maar moet dit insluit dat plaaslike owerhede slegs daardie funksies verrig wat ingevolge die Grondwet aan hulle opgedra is.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die korrespondensie wat ontvang is vanaf die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke waarin bevestig word dat die proses ter finalisering van die Diensleweringsooreenkoms gestaak is weens onvoldoende fondse;

(b) Dat dit op rekord geplaas word dat Swartland Munisipaliteit nie tevrede is om hierdie drie onbefondste mandate met die bestaande vergoedingstruktuur voortaan te verrig nie;

(c) Dat die Departement van Vervoer versoek word om as 'n saak van dringendheid die konsultasieproses te heropen om met munisipaliteite te konsulteer aangaande die finalisering van 'n Diensleweringsooreenkoms met 'n behoorlike vergoedingstruktuur.

7.4 **LUGGEHALTE-BESTUUR: MEMORANDUM VAN OOREENKOMS TUSSEN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT EN PLAASLIKE MUNISIPALITEITE (1/1/1/78)**

Daar word aan beide B- en C-munisipaliteite sekere verantwoordelikhede opgedra ingevolge die *National Environmental Management: Air Quality Act, 2004* (Wet 39 van 2004).

Gegewe dat van hierdie verantwoordelikhede/bevoegdhede in 'n mate oorvleuel, is 'n *Joint Municipal Air Quality Working Group* op streeksvlak in die lewe geroep, in 'n poging om kommunikasie en werkverhoudinge tussen die onderskeie owerhede te bestuur en te verbeter.

'n Konsep ooreenkoms, soos opgestel deur die werkgroep, is met die sakelys gesirkuleer, waartoe Swartland Munisipaliteit 'n party sal wees.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word vir die aangaan van die aangehegte Memorandum van Ooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit en ander plaaslike owerhede, ten einde op 'n gekoördineerde wyse beslag te gee aan die statutêre uitoefening van magte en verrigting van funksies wat met lugkwaliteitsbestuur verband hou.

7.5/...

7.5 **VERORDENING INSAKE BEHEER OOR ONDERNEMINGS WAT DRANK AAN DIE PUBLIEK VERKOOP: VERTOë VAN *PEOPLES LIQUORS* (1/1)**

Die Verordening insake die Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop is op Vrydag, 22 Mei 2015 in Buitengewone Provinsiale Koerant 7394 afgekondig vir implementering met effek vanaf datum van promulgasie.

Tydens die publieke deelnameproses is vertoë ontvang vanaf mnr A Strydom van *Peoples Liquors* m.b.t. 'n verbod wat die verordening plaas op drankhandel deur buiteverkoopspunte op Sondae.
Die Raad het op 26 Maart 2015 in diepte aandag gegee aan die insette wat ontvang was tydens die publieke deelnameproses.

Die verslag bevat verder volledige kommentaar op die nuutste skrywe ontvang vanaf mnr A Strydom gedateer 11 Mei 2015.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die skrywe van mnr A Strydom van *Peoples Liquors* in verband met die Verordening insake Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek Verkoop;

(b) Dat hy in kennis gestel word dat daar reeds volledig op sy vorige vertoë ag geslaan was deur die Raad by die vergadering gehou op 26 Maart 2015, en dat geleentheid vir vertoë reeds verstryk het en derhalwe nie meer in hierdie laat stadium in ag geneem kan word nie, gegewe die Verordening ook reeds amptelik afgekondig is;

(c) Dat mnr Strydom verwittig word dat die proses gevolglik as afgehandel beskou word, en die Raad nie voornemens is om die betrokke verordening in die onmiddellike toekoms te hersien op grond van sy vertoë nie.

7.6 **HERSIENING VAN DIE RAMPBESTUURSPLAN VIR SWARTLAND (17/5/1/1, 17/5/B)**

Die Raad het gedurende 2007 'n Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedgekeur, onderhewig daaraan dat dit gereeld opgedateer word.

Die Weskus Distriksmunisipaliteit het gedurende 2013 'n eksterne diensverskaffer aangestel om die ramprisiko's vir die Weskus te identifiseer wat by die Rampbestuursplan van Swartland Munisipaliteit ingesluit is, onder andere veldbrande, droogtes, storm-golwe, aardbewings, padongelukke en sosiale konflik.

Die opgedateerde *Core Municipal Disaster Management Plan (2015)* is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die hersiende Rampbestuursplan, 2015 asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering (*risk reduction*);

(b) Dat die komitee die hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedkeur, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;

(c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, 'n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

7.7/...

7.7 **GOEDKEURING VAN BELEID: *POLICY REGARDING UNAUTHORISED, IRREGULAR OR FRUITLESS AND WASTEFUL EXPENDITURE* (5/15/B)**

Artikel 4(2)(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 bepaal dat:

> "4(2) Die raad van 'n munisipaliteit het die verpligting om, binne die munisipaliteit se finansiële en administratiewe kapasiteit en met inagneming van praktiese oorwegings—
>
> (a) die munisipaliteit se uitvoerende en wetgewende gesag uit te oefen en die hulpbronne van die munisipaliteit in die beste belang van die plaaslike gemeenskap aan te wend;"

Hierdie verpligting word uitgebrei na individuele raadslede ingevolge artikel 2 van die Bylae 1: Gedragskode vir Raadslede van vermelde Wet, naamlik:

> "'n Raadslid moet—
> (a) sy ampsfunksies in goeie trou, eerlik en op 'n deursigtige wyse verrig; en
>
> (b) te alle tye in die beste belang van die munisipaliteit optree en op so 'n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromitteer word nie."

Die Beleid aangaande Ongemagtigde, Onreëlmatige of Vrugtelose en Verkwiste Bestedings is opgestel om voormelde verpligtinge te formaliseer en om beslag te gee aan die vereistes ingevolge die MFMA en toepaslike Regulasies.

BESLUIT

(a) Dat die Beleid aangaande Ongemagtigde, Onreëlmatige of Vrugtelose en Verkwiste Bestedings deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word vir onmiddellike implementering ten einde te voldoen aan die MFMA en die *Municipal Regulations on Financial Misconduct Procedures and Criminal Proceedings* soos in werking gestel op 1 Julie 2014;

(b) Dat die delegasies wat uit vermelde beleid voortspruit aanvaar word vir implementering.

7.8 **ONDERSOEK NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIëLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)**

Die verslag tot die sakelys bevat volledige agtergrond inligting m.b.t. vier destydse munisipale polisiebeamptes wat 'n huis in Wesbank onregmatig betree het op grond van 'n foutiewe deursoekingslasbrief. Daar is regsaksies teen die munisipale polisiebeamptes ingestel, en het die munisipaliteit op daardie stadium besluit om nie regshulp aan hulle beskikbaar te stel nie.

Twee van die beamptes is nog in diens van Swartland Munisipaliteit. Daar is 'n versoek ontvang – deur middel van die vakbond – om voormelde besluit te hersien, en dat die twee beamptes se regskostes terugbetaal word, en ook dat verlofkrediete toegestaan word vir die dae wat die beamptes in die hof moes verskyn.

Die aangeleentheid is deur die Interne Ouditeur ondersoek, en is daar bevind dat ingevolge die Suid-Afrikaanse Polisiewet, Wet 68 van 1995 die regsaksies inderdaad teen die munisipaliteit ingestel moes word, en nie teen die beamptes nie.

Die Munisipale Bestuurder het verder opdrag gegee dat die aangeleentheid ondersoek word deur die Dissiplinêre Raad en word derhalwe –

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad)

(a)/...

7.8/...

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die Rekord van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsel B tot hierdie verslag m.b.t. die vrugtelose en verkwiste uitgawe aangegaan te word vir die terugbetaling van regskostes ten bedrae van R7 000,00 aan twee munisipale polisiebeamptes;

(b) Dat die Raad goedkeur dat gemelde regskostes ten bedrae van R7 000,00 aan die munisipale polisiebeamptes terugbetaal word en dat die bedrag as oninbaar afgeskryf word;

(c) Dat verlofkrediete aan die munisipale polisiebeamptes toegestaan word vir die dae wat hulle in die hof moes verskyn;

(d) Dat geen dissiplinêre stappe teen die beamptes geneem word nie;

(e) Dat die LUR vir Plaaslike Regering asook die Ouditeur-Generaal van die uitkoms van hierdie ondersoek in kennis gestel word;

(f) Dat besonderhede van hierdie geval van vrugtelose en verkwiste uitgawe in die jaarlikse finansiële state van die munisipaliteit aangeteken word;

(g) Dat kennis geneem word dat regsgedinge teen verkeers- en wetstoepassingsbeamptes teen die munisipale raad ingestel moet word, en dat bestuur opdrag gegee word dat nalatigheid deur enige beampte onmiddellik ondersoek en die nodige bestuursaksies onderneem moet word om ‘n herhaling van sodanige uitgawes te verhoed.

7.9 **NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO EN FINANSIëLE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 FEBRUARIE 2015 (11/1/3/1/7)**

Die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksies ingevolge artikel 166 van die MFMA.

In terme van voormelde mandaat maak die Komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming. Daar is egter geen aanbevelings voortspruitend uit die notule soos gesirkuleer met die sakelys, waarvoor 'n raadsbesluit benodig word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 24 Februarie 2015.

7.10 **IMPLEMENTERING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE 2014-2017 (6/2/2/B)**

Die Kommuniksiebeleid en Publieke Deelname-beleid spruit voort uit die Kommunikasiestrategie vir 2014-2017 en is reeds in beginsel deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedurende April 2015 aanvaar.

'n Werkwinkel het op 3 Junie 2015 met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee plaasgevind en is die voorgestelde wysigings in die aangehegte beleide ge-akkommodeer.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte Kommunikasiebeleid en Publieke Deelname-beleid aanvaar word vir implementering met ingang vanaf 1 Julie 2015;

(b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste opdrag gegee word om ‘n vorm te ontwikkel om aan die voorskrifte vir petisies te voldoen soos vervat in die Publieke Deelname-beleid, om geïnkorporeer te word by die aansoekvorm vir optogte wat deur die direktoraat Beskermingsdienste geprosesseer word;

7.10/...

(c) Dat toepaslike prestasie-indikatore deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste in samewerking met die Bestuurder: Strategiese Dienste bepaal word om uitvoering te gee aan die twee beleide.

7.11 **OPGRADERING/VERBREDING VAN N7 MALMESBURY: GEBRUIKSREG-OOREENKOMS MET SANRAL (12/2/B)**

'n Versoek is vanaf SANRAL ontvang om die gebruiksooreenkoms ten opsigte van 'n gedeelte van erf 11217 Malmesbury te kanselleer, aangesien 'n kleiner area benodig word as bergingsfasliteit.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad)

(a) Dat kennis geneem word van SANRAL se versoek dat die gebruiksooreenkoms ten opsigte van ‘n gedeelte van erf 11217 Malmesbury vir gebruik as ‘n bergingsfasiliteit vir ‘n periode van drie jaar, gekanselleer word en dat ‘n nuwe ooreenkoms gesluit word ten opsigte van ‘n gedeelte van 3.5200 hektaar (in plaas van 6.3447 hektaar), teen betaling van kompensasie ten bedrae van R704 000,00 (in plaas van R1 268 940,00), BTW uitgesluit;

(b) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder om in te stem tot die kansellasie van die gebruiksooreenkoms van 24 Februarie 2015 en die sluiting van ‘n nuwe ooreenkoms in die plek daarvan, deur die Raad gekondoneer word.

7.12 **VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 301, ABBOTSDALE AAN *CENCE AND U-GROW RURAL* (12/2/R)**

'n Voorlegging is gedurende Augustus 2014 deur verteenwoordigers van *Cence and U-Grow Rural* aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedoen aangaande die voorneme om 'n vaardigheidsontwikkelingsentrum vir plaaswerkers op Abbotsdale te vestig. 'n Gedeelte van erf 301, Abbotsdale is vir hierdie doeleindes vir verhuring aan *Cence and U-Grow Rural* geïdentifiseer.

Die voorneme om die eiendom uit-die-hand-uit te verhuur is in die plaaslike pers geadverteer, en geen insette of besware is vanaf die publiek ontvang nie.

Sedertdien het verskeie gesprekvoeringe met verteenwoordigers van *Cence and U-Grow Rural* plaasgevind en dien die verslag om geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te gee om finaal te besin oor 'n toepaslike huurtermyn en -tarief.

Die Uitvoerende Burgemeester noem, met verwysing na die Abbotsdale kleinboere, dat daar nog nie met alle rolspelers gekonsulteer is nie, en dat dit sekere risiko's inhou.

BESLUIT

Dat die besluit uitgestel word om alle risiko's op te weeg, alvorens goedkeuring verleen word vir die aangaan van die huurooreenkoms met *Cence and U-Grow Rural* m.b.t. 'n gedeelte van erf 301 (groot ±1.35 ha) in Boltneystraat, Abbotsdale vir die vestiging van 'n bemagtigingsentrum.

7.13 **OORNAME VAN BATES: WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT – WATER (2/1/1/2/1; 16/1/1/B)**

Die Munisipaliteite van Swartland, Saldanhabaai en Bergrivier is op 13 Junie 2003 deur die Minister van Waterwese as Waterdienste Owerhede (WSA's) aangewys. Voor 2003 is hierdie funksie verrig deur die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM). Vermelde aanwysing het beteken dat alle bates, laste en personeel wat gemoeid is met die suiwering- en verspreiding van water ook na b-munisipaliteite oorgeplaas moes word.

Aangesien die/...

7.13/...

Aangesien die gevoel was dat die diens effektief deur die WKDM gelewer word, is die WKDM deur middel van 'n artikel 78 ondersoek ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 as Waterdienste Verskaffer (WSP) aangestel en het die ooreenkoms, onder andere, bepaal dat die status quo gehandhaaf word.

Die ooreenkoms verval teen Julie 2016 en moet daar nou besin word oor die oorname van die diens, waarvan die grootste impak is hoe dit die onderskeie b-munisipaliteite finansieel gaan beïnvloed.

Die verslag bevat inligting aangaande die stelsels wat tans bedryf word, naamlik Rooi Karoo, Withoogte en Swartlandskema, die bestaande lenings wat die WKDM opgeneem het t.o.v. waterprojekte en wat die oorname van bates vir Swartland Munisipaliteit sal beteken.

Die Uitvoerende Burgemeester noem, onder andere, dat die WKDM steeds verantwoordelik sal wees vir die watersuiweringsaanlegte en gepaardgaande pypnetwerke en dat daar dus nie enige wysigings op operasionale vlak sal wees nie.

BESLUIT

(a) Dat Swartland Munisipaliteit instem om die bates oor te neem vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit (in lyn met die PDG GLS verslag) en dat Swartland Munisipaliteit die Weskus Disktriksmunisipaliteit toestemming gee om voort te gaan met die proses van bate ontbondeling en verdeling;

(b) Dat Swartland Munisipaliteit instem dat die Weskus Distriksmunisipaliteit se kontrak verleng word as die Waterdienste Verskaffer (WSP), met die voorbehoud dat die Weskus Distriksmunisipaliteit steeds die water sal voorsien en die instandhouding op die totale netwerk sal behartig;

(c) Dat die Weskus Distriksmunisipaliteit aanspreeklik sal bly om toe te sien dat daar serwitute geregistreer is vir al die bates wat oorgeneem sal word.

7.14 **VOORRAADOPNAME – 2015 (6/1/1)**

Die jaarlikse voorraadopname by die hoof magasyn en skryfbehoeftestoor te Malmesbury, sowel as die elektriese stoor op Moorreesburg is geskeduleer vir 24 Junie 2015.

BESLUIT

Dat rdle R F van der Westhuizen, W Wilskut, M van Zyl (t.o.v. elektriese stoor op Moorreesburg) en M Rangasamy aangewys word om die voorraadopname op 24 Junie 2015 waar te neem, en dat daar stiptelik om 09:00 by die hoof magasyn te Malmesbury aangemeld word.

7.15 **UITSTAANDE DEBITEURE – MEI 2015 (5/7/1/1)**

’n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die tydperk Mei 2015 is met die sakelys gesirkuleer.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste om 'n ondersoek te doen aangaande die uitgawe t.o.v. die heraansluiting van konvensionele meters wanneer die elektrisiteit weens wanbetaling gesny word, en of dit moontlik is om by herhaalde wanbetaling hierdie meters na voorafbetaaltipe-meters oor te skakel.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Mei 2015.

7.16 **AFSKRYWING VAN SKULD: JUNIE 2015 TEN BEDRAE VAN R843 220,90 (5/7/1/1)**

Die slegte skulde wat, na stappe geneem deur die Kredietbeheerafdeling, nie ingevorder kon word nie, is met die sakelys voorgelê.

Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op komiteelede om huishoudings by die Kredietbeheerafdeling aan te meld wat nie deernissubsidie behoort te ontvang nie, maar wel doen.

'n Bespreking vind plaas aangaande die impak van die nuwe laekoste behuisingsprojek op Abbotsdale op uitstaande skulde, en die volgende vrae word geopper –

(1) Wat is die tydperk wat verloop voordat 'n munisipale diensterekening gelewer word aan die eienaar van nuwe huis in laekoste behuisingsprojek – is dit die rede waarom Abbotsdale se uitstaande skuld se hoog is?
(2) Word opleiding gegee aangaande die lees/ontleding van 'n munisipale diensterekening?
(3) Word begunstigdes, met verwysing na paragraaf (2), daarop gewys dat wanneer 'n deernissubsidie ontvang word, die eienaar steeds aanspreeklik is vir die betaling van dienste wat bo die perk verbruik word?
(4) Wanneer 'n huis in 'n laekoste behuisingsprojek toegeken word, word daar bepaal of die begunstigde geld aan die munisipaliteit verskuldig is, moet hy/sy dan 'n huis kry?
(5) Word daar genoeg klem gelê tydens *consumer education*-sessies om munisipale dienste spaarsamig te gebruik, veral in gebiede waar elektrisiteit deur Eskom voorsien word?

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat daar probleme was met die nommering van huise, asook met die straatname en dat dit daartoe aanleiding kon gee dat munisipale diensterekeninge nie onmiddellik ontvang was nie.

BESLUIT

(a) Dat, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R843,220-90 soos per die aangehegte opsomming afgeskryf word as oninvorderbaar.

(b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat ‘n gedeelte van die skuld of die totale skuld van ‘n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder.

(c) Dat, indien ‘n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is ‘n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

(d) Dat, verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is.

(e)/...

7.16/...

(e) Dat, verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die huishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is.

(f) Dat, die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word.

(g) Dat, enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word.

(h) Dat, die Kredietbeheerafdeling besoeke aan die huishoudings bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om ook die installering van die Aqua-loc waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die huishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas.

7.17 **UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

'n Verslag aangaande die uitstaande versekeringseise moet ingevolge die Batebestuursbeleid maandeliks aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit dat diefstal een van die grootste oorsake is dat deurlopende dienslewering nie kan geskied nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die die aantal uitstaande versekeringseise, sowel as die kommentaar daarop.

7.18 **UITSETTING VAN MALMESBURY KLEINBOERE (17/2/2/4)**

Hierdie aangeleentheid het al telkemale voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien in 'n poging om die regte prosesse te volg in die uitsetting van die Malmesbury Kleinboere. Onder andere, is daar besluit om oorweging daaraan te skenk om 'n onafhanklike mediator aan te stel om die ADR-proses (*Alternative Dispute Resolution Process*) te volg.

'n Skrywe is ontvang vanaf die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming waarin bevestig word dat mnr Retief Olivier van die firma *Cheadle Thomson and Hyason Inc Attorneys* aangestel is om as Mediator op te tree.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste het op 11 Junie 2015 'n afspraak met Adv Pieter Vivier om te konsulteer oor die proses vorentoe.

Die Direkteur: Beskermingsdienste meld dat daar intussen voortgegaan word om op 'n gereelde basis die leë strukture te verwyder.

BESLUIT

Dat die item verwys word na die Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee-vergadering van 24 Junie 2015 ten einde die beginsel van 'n mediasieproses met Adv Vivier te klankbord, alvorens daartoe ingestem word.

7.19/...

7.19 **AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN 'N NOODGEVAL: DRINGENDE VERVANGING VAN DIE REMTOETSAPPARAAT BY DIE VERKEERSTOETSPUT IN MALMESBURY (8/2/2/1)**

Die remtoetsapparaat is reeds 24 jaar oud en het foutief geraak. Die maatskappy wat jaarliks die diens en kalibrering van die apparaat behartig het aanbeveel dat die apparaat in totaliteit vervang word, aangesien van die onderdele nie meer beskikbaar is nie.

Die padwaardigheid-toetsstasie is een van die Munisipaliteit se diensleweringspunte wat 'n inkomste vir die Raad genereer, en kan dit 'n verlies in inkomste meebring as die apparaat nie optimaal funksioneer nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid, en –

(a) dat kondonering verleen word vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures deur slegs een kwotasie te oorweeg met die dringende vervanging van die remtoetsapparaat;

(b) dat die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word ten opsigte van die goedkeuring om met die aanstelling van *Workshop Electronics* voort te gaan;

(c) dat die uitgawe van R123 120.00 (BTW ingesluit) teen posnommer 71-58-30-00-0272 (Machinery and Equipment) gefinansier word;

(d) dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

7.20 **AANSOEK OM VERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3, P/)**

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die een dag (15 Mei 2015) gesins-verantwoordelikheidsverlof van die Munisipale Bestuurder, weens die hospitalisasie van sy dogter met die gepaardgaande bewys van hospitalisasie, welke verlof reeds deur die verlofstelsel geprosesseer is;

(b) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 15 Junie 2015 (1 dag)
- 26 Junie 2015 tot 6 Julie 2015 (7 dae)
- 15 tot 17 Julie 2015 (3 dae)
  TOTAAL van 11 dae

(c) Dat daar kennis geneem word dat die volgende Direkteure gedurende die onderskeie tydperke sal waarneem as Munisipale Bestuurder:

- 15 Junie 2015 : Direkteur: Beskermingsdienste
- 26 Junie 2015 tot 6 Julie 2015 : Direkteur: Siviele Ingenieursdienste
- 15 tot 17 Julie 2015 : Direkteur: Ontwikkelingdienste

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER